

Skrifgedeelte: Genesis 9:1-29

Fokusgedeelte: Genesis 9:12, 13

Die reënboog – God se verbondsteken vir die aarde (ook die mens)

Die aarde ly swaar onder die sonde van die mens. Reeds ná die sondeval word dit verklaar dat die aarde deur die toedoen van die mens vervloek is (Gen. 3:17).

Hierna het dit nie beter gegaan nie. In die tyd van Noag vind ons God hartseer, bedroef omdat Hy die mens gemaak het. Hy besluit om die mens weg te vee van die aarde af (Gen. 6:6, 7). EN die diere, ook dié wat kruip, en die voëls van die hemel.

Is dit nou die einde van die aarde wat geskep is om aan God die lof te bring? GENADIGLIK nie, want God besluit om Noag en sy gesin te begenadig. Net soos die aarde die gevolge van die sondeval van die mens moet dra, net so deel die aarde ook in die begenadiging van God. Noag kry die opdrag om van al die diere- en voëlspesies in die ark saam te vat.

Ná die sondvloed en God se reddende genade oor mens en dier, hernu God sy verbond met die mens EN die skepping. God seën Noag en sy seuns en Hy herhaal die opdrag ná die skepping aan hulle. Nie net om te bewoon en te bewerk nie, maar ook om op 'n bepaalde wyse met die skepping om te gaan.

Dit is opvallend hoeveel klem daarop gelê word dat hierdie verbond nie net tussen God en mens gesluit word nie, maar dat dit 'n verbond tussen Hom en die aarde genoem word. Hy belowe dat mens en dier nie weer deur vloedwaters uitgewis sal word nie. Daar sal nie weer 'n oorstroming wees wat die aarde sal oorweldig nie. Hoe kan ons as mense dan, wat deur God se genade gered is, nie verstaan dat alles nie net oor die mens gaan nie, maar oor die hele skepping van God? God se genadeverbond en sy natuurverbond is dieselfde. As jy weer die reënboog sien, dink aan God se belofte, maar ook oor hoe kosbaar die aarde vir God is.

Sing: Psalm 36-1:2, 3

Ds. HS Coetzee (Fanie) (Potchefstroom Die Bult)